**20 Februarie** **Skrifgedeelte: Johannes 11:1-16**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:14, 15**

## Die lewensteken

Die opwekking van Lasarus uit die dood is by uitstek ’n teken om te sê waarvoor Jesus Christus gekom het. Johannes sê (Joh 20:31) hy beskrywe die wondertekens van Jesus “... sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die ewige lewe kan hê.” Die ander wonders wat Jesus gedoen het, is ook tekens wat na Hom as die Christus wys, maar die opwekking van Lasarus is ’n finale teken wat so duidelik wys na Jesus Christus as die Seun van God en die Gewer van die ware lewe.

Jesus laat met sy optrede self die aandag val op Lasarus se dood en daarna op sy opwekking uit die dood. Nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is, vertoef Hy nog twee dae op die plek waar Hy was. Daarna sê Hy vir sy dissipels dat Lasarus dood is en vervolg dan: “Ek is bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle in My kan glo.” Jesus het doelbewus gewag sodat Hy hierdie opwekking as teken kon gee.

*Sing: Psalm 36:3 (p. 179)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*